

9 DESEMBER

**SKRIFGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:12-24
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 52:129
FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 1:20**

Amen, dit is waar en seker

Hoe maklik raak ons nie moedeloos as dinge in ons geloofslewe lyk of dit nie reg wil loop nie? Hoe maklik raak ons nie afgemat as ons nie verstaan wat ons in die Bybel lees of wat die dominee van die kansel af preek nie? Die normale reaksie is dan om kwaad te word en wantrouig te raak. Paulus bevind hom in hierdie brief aan die Korinte in die presiese situasie. Omdat die gemeente nie sy brieue kon verstaan nie, het hulle sy betroubaarheid begin betwyfel. Paulus beklemtoon egter dat sy verhouding met die gemeente in Korinte die bevestiging is dat sy woord nie onbetroubaar is nie – hy het Jesus Christus as die Seun van die lewende God verkondig. Hulle kan dit net bevestig deur “Amen” daarop te sê. Vanuit ons belydenis, Heidelbergse Kategismus, Sondag 52, vraag 129, weet ons dat *amen* beteken dat iets “waar en seker” is. Paulus bevestig sy betroubaarheid deur die gemeente te herinner aan die dood en opstanding van Christus (vs. 21-22). Hy beklemtoon dat dit waar en seker is dat hul verlossing alleenlik deur Christus moontlik is, en dat God in Christus ons gevestig het, ons afgesonder het en die Heilige Gees in ons harte gegee het. Ten spyte van alles wat ons nie verstaan nie, hoef ons net te onthou dat ons in geloof moet vasstaan en dat ons aan Christus, ons Verlosser, moet vashou.

Sing: Psalm 40:1, 3 (Totius-beryming)

Jan-Louis Lee (Teologiese student)